# Kroonstad Noord Wy Nuwe Kerk In

## SAMEWERKING VAN GEMEENTE PRAGTIG

### Totale Koste van Sierlike Gebou £26,285

(Van Ons Eie Korrespondent)

KROONSTAD, Saterdag, 3 April. —Onder blyke van besonder groot belangstelling is die nuwe kerkgebou van die gemeente Kroonstad Noord vandag ingewy. Hoewel die gemeente al sedert 23 Mei 1927 van die gemeente Kroonstad afgestig is en 'n eie leraar het, moes dit nog altyd gebruik maak van die ou kerkgebou van Kroonstad. Gedurende 1935 is toe besluit om 'n eie kerk te bou en op 13 April 1935 is die hoeksteen van die nuwe gebou gelê. Vandag, twee jaar later, is die gebou wat 'n stukkie pragwerk is, ingewy.

Die boukoste beloop die aansienlike sommetjie van £20,317, terwyl die banke £2048 gekos het. Die orrel het £1920 gekos, die klok £700 en die ligte en ander diverse onkoste het £1300 beloop. Die totale onkoste aan die werk verbonde was dus £26,285. Van hierdie som is daar nog sowat £13,000 uitstaande. 'n Spesiale kollekte is by die inwydingsplegtigheid gehou en daarmee is die mooi sommetjie van £185 ingesamel, wat ook gebruik word in afbetaling van die boufonds.

Om 9.30 vanmore is 'n diens in die kerkgebou van die gemeente Kroonstad gehou, by welke geleentheid die gemeente Kroonstad Noord afskeid geneem het van die moederkerk-gebou. Die diens is waargeneem deur di. J. S. Bosman en W. J. S. Klomp. Vanaf die ou kerk het die gemeente in optog gegaan na die nuwe kerkgebou. Vooraan het ouderling C. B. Prinsloo met die Bybel en ouderling B. J. van Niekerk met die Gesangboek geloop. Daarna het die lede van die boukommissie, die argitek, die boumeester en die voorman gevolg. Agter hulle het die predikante van die N.G. Kerk en ander kerke geloop, terwyl die kerkrade en daarna die publiek gevolg het.

By die kerkgebou gekom, het die skare van mense, waarvan daar etlike duisende was, tot stilstand gekom en is toesprake gehou deur mnre. J. A. Geldenhuys namens die boukommissie, G. Moerdyk (argitek), A. Fairweather (boumeester), P. G. Border (burgemeester), terwyl mnr. J. J. Botes die finansiele verslag van die kerk voorgelê het.

Ds. J. S. Bosman het al die persone wat sover donasies in verband met die bou van die kerk en ander dele daarvan gedoen het, bedank.

KERKDEUR ONTSLUIT

Ná die toesprake het die skare gesing Psalm 100 vs. 3, en daarna is die kerkdeur ontsluit. Terwyl die mense die kerkgebou binnegekom het, is hulle vanaf die galery toegesing deur die koor, wat die pragtige lied van Wilhelm Lederman „Sions Tempelsale" gesing het. Die inwydingsdiens is waargeneem deur ds. P. S. van Heerden van Ladybrand en oud-Moderator van die Vrystaatse Sinode. Onder die aanwesiges by die plegtigheid is o.m. opgemerk di. P. van Vuuren van Edenville, Du Toit van Steynsrust, R. J. B. Veenstra van Benoni P. K. Albertyn, Algemene Sekreta-

(Vervolg in vorige kolom.)

(Vervolg van volgende kolom.)

ris van die Sondagskool, eerw. Olivier en die leraars van al die kerkgenootskappe op Kroonstad, wat na die plegtigheid uitgenooi was.

AANDDIENS

Vanaand het ds. Bosman die diens waargeneem. By die geleentheid is die ligte van die kerk ingewy en die dominee het sy preek dan ook oor „Lig" gehad.

Die ligte van die werk is gegee deur die plaaslike Sondagskool. Deur ywerige samewerking van die Sondagskoolkinders is die gebou pragtig verlig.

Die orrel is geskenk deur die susters van die gemeente. Aangesien die orrel nog nie heeltemal voltooi is nie, sal dit op 'n latere datum ingewy word en die voorgenome datum is 1 Mei. Dan sal 'n orreluitvoering gegee word en verneem word dat prof. P. K. de Villiers heel moontlik ook by die geleentheid teenwoordig sal wees en die orrel sal bespeel. Die koor sal ook pragtige liedere by die geleentheid sing. Die koor is onder leiding van mnr. Roode, orrelis van Kroonstad Noord.

More vind die Nagmaalsviering plaas. By die geleentheid sal di. Bosman, P. K. Albertyn en P. S. van Heerden die diens lei. In die namiddag sal ds. P. K. Albertyn 'n kinderdiens hou en in die aand sal ds. W. J. S. Klomp die verrigtinge afsluit. Die gemeente Kroonstad vier ook Nagmaal oor die naweek en ds. D. J. de Vos van Reddersburg sal ds. Klomp behulpsaam wees by die bediening.

DIE VOLKSBLAD, MAANDAG, 5 APRIL 1937



Die sierlike kerkgebou van die Ned. Geref. gemeente Kroonstad Noord, wat jl. Saterdag ingewy is. Die verslag van die plegtigheid verskyn hiernaas.